# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Die huwelik is deur God ingestel.

**Skriflesing:**
Gen 2:18-25; 1 Kor 7

**Teksvers**:
Gen 2:18,21-24;
Mat 19:4,5;  Tit 1:6

**Sing**:
Ps 19-1:1,3
Sb 12-3:1-4
Ps 38-1:1,17
Ps 145-1:1,2,9
Sb 7-2:1,2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Die huwelik is, buiten ons geloof, die grootste geskenk wat God aan die mens gegee het. Hierdie geskenk moet ons as uiters kosbaar, delikaat en wonderlik oppas en koester. Die huwelik is nie 'n "gerieflikheidsreëling" nie. Die huwelik het nie uit 'n kultuur ontstaan nie. Die huwelik is deur God ingestel. God het uit die man, die vrou gemaak, "as sy gelyke", "as wat by hom pas". Die vrou is dus geensins minderwaardig teenoor die man nie. Die huwelik is daarom **heilig,** want dit is deur God ingestel.

- Die huwelik is 'n geskenk van God.
- Die huwelik moet heilig wees.
- Die huwelik is 'n afbeelding van ons verhouding met God.

**SONDAGAAND 18:00**

## Christus is nie ons Idol nie

**Skriflesing:**
**Gen 5:1-5; 6:1-8,**
**Openb 13:11-18**
**HK Sondag 3**

**Teksvers**:  Gen 6:5-6

**Sing**:
Ps  33::2,9,11
Ps   119:26,29
Sb  8-1:1;2
Sb  13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die mens wat God geskep het na sy Beeld en gelykenis is so boos en sleg dat dit God berou dat Hy die mens gemaak het. Daar was smart in God se hart. So boos en sleg het die mens geword, dat God geen ander uitweg sien as om die aarde met al die mense daarop volkome te vernietig nie. Dieselfde mens wat so goed en reg gemaak is, het heeltemal ontaard. Hoe sal ons tog God se oordeel kan ontvlug?

Die enigste uitweg is as God ons weer 'n nuwe mensheid maak.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 48      Nr 17      14 Mei 2023**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


## Die huwelik in die lig van die Woord.

**Ef. 5:21-33**

Naas jou verhouding met God is jou verhouding met jou huweliks-maat sekerlik die belangrikste samelewingsverband waarin 'n man en vrou kan staan. God het die huwelik ingestel. God het dit so gewil dat 'n man en 'n vrou met mekaar trou, maar nie enige man met enige vrou nie, maar dié man of dié vrou wat God vir jou uitgekies het.

Dit is 'n baie belangrike en uiters verantwoordelike keuse om te bepaal wie is die regte man of die regte vrou vir jou. Dit vra juis dat jy biddend en ernstig en opreg voor God sal wees oor jou huwelikskeuse. Die beste keuse is sekerlik dat jy met 'n mede-christen trou, wat net so ernstig soos jy is oor jou verhouding met God. Jou huwelik moet gebou wees op die Rots van Jesus Christus. Dan kan daar maar enige aanslae kom en jou huwelik sal dit weerstaan. Om Jesus Christus te ken en die Woord te ken, is om jou huwelik in te rig volgens God se plan.

**Liefde is sekerlik die grondslag van die huwelik**. Maar nie 'n liefde wat alleen op wêreldse romantiese idees geskoei is nie, maar liefde wat werklik van God af kom. Dit is daarom dat Paulus die verhouding van die man en vrou vergelyk met die liefde van Jesus Christus en wat Hy vir die Kerk, sy bruid, (Open 19:5-10) gedoen het.

- Die vrou se onderdanigheid (vgl. Ef 5:21) word vergelyk met die kerk se onderdanigheid aan Jesus Christus. (v22)
- Die mans se liefde vir hul vrouens word vergelyk met Jesus se liefde vir sy kerk. (v25)

Die eenheid van die liefde word dan ook bewys, deurdat 'n man en vrou hul ouerhuise verlaat en saam gaan bly onder een dak. Die liefde is dan gesetel in 'n onvoorwaardelike, "agape" liefde soos wat ons in 1 Kor 13 van lees. Liefde is 'n werkwoord. Liefde moet letterlik geleef word, bewys word en gedoen word, teenoor mekaar. Liefde word vergelyk met Jesus wat sy Bruid, (die Kerk) so liefgehad het dat Hy sy lewe vir haar afgelê het.

**Leef jou huwelik dan in opregtheid voor God.** Wees eerlik en getrou aan mekaar. Wees opreg en dra mekaar op die hande. Die huwelik is die grootste geskenk, naas jou geloof, wat jy van God ontvang het.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

*Dien die Here met blydskap*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 10 Ps 18:1 Volgende week: Les 11 Ps 18:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Teologiese studentekas

By die deure: Kerklike Tydskrifte

**Volgende week:** Barmhartigheid

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417






**DORSLANDTREK GEDENKFEES**

Besonderhede op die kennisgewing bord beskikbaar

**Bybelskool van Centurion 2023**

**bied aan**

*Die Profeet Daniël*
*God is soewerein in die geskiedenis*

**Dinsdae om 19:00**

***Almal welkom***

Weesgerus

**GK Centurion Gemeentekamp**

**Wanneer**: 22 - 25 September

**Waar**: Weesgerus Vakansieoord

**Tema**: ***Dien die Here met blydskap***

Chalets en kampplekke beskikbaar

Meer inligting volg binnekort

Skakel Fred Reynecke as jy wil betrokke wees by die beplanning of net wil help—083 255 9900

**Sien julle daar!**






## Kameeldrift fondsinsamelingsprojek

Die GK Kameeldrift hou op 26 Augustus die **21ste damesoggend** ten bate van die President Kruger Kinderhuise.

**Jy kan op 4 maniere betrokke raak:**

- Doen voorbidding vir die fondsinsamelingsprojek en vir die kinders in die kinderhuise
- Maak 'n individuele skenking voor 5 Augustus
- Indien jy 'n vakansiehuis/woonstel besit, kan jy 'n week of naweek vir die veiling aanbied (Kontak Susan)
- Koop 'n kaartjie om die oggend by te woon (Verdere inligting volg)

**Rekeningbesonderhede**:

ABSA, Gereformeerde Kerk Kameeldrift, Tjekrekening 1430 810 088, Verw Kinderhuisdonasie + Naam **of** GK Centurion.

**Navrae: Susan Fourie 082 745 4117**



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14 Mei | Carlo | Coelho | A04 | 27740556268 |
| | Mariette | du Toit | C01 | 27845801905 |
| | Kobus | Venter | C13 | 27826538353 |
| 15 Mei | Yolande | Brand | C08 | 27722867315 |
| | Dia | Garcia Arias | C02 | 27767704447 |
| | Quintus | Keyter | B01 | 27828050448 |
| | Margi | Slabbert | B11 | 27723094641 |
| | Lara | Smidt | C09 | 27824064266 |
| | Erika | vd Mescht | B09 | 27845480527 |
| 16 Mei | Flip | Jonker | B04 | 27781200632 |
| | Gert | Reinecke | A12 | 27823750092 |
| | Charl | vd Bergh | C07 | 27726987956 |
| | Pieter | vd Dussen | B17 | 27791845306 |
| 17 Mei | Ricus | Coetzee | B14 | 27824525554 |
| | Dilien | Keyter | B01 | 27721967101 |
| | Larrie | vd Bergh | A17 | 27826475439 |
| | Pierre | v Rensburg | C08 | 27748890921 |
| 18 Mei | Jaco | Pretorius | B17 | 27836915894 |
| | Louis | Trichardt | A04 | 27823886001 |
| | Cobus | v Niekerk | C06 | 27737498353 |
| 19 Mei | Engeli | Prinsloo | C13 | 27832855464 |
| 20 Mei | Hennie | vd Vyver | B08 | 27844240421 |
| | Madelle | Venter | B17 | 27728007454 |

***Dooplimate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 15 Mei | Hendri | Joubert | A01 | 27747785910 |
| 18 Mei | Leandri | vd Walt | A05 | 27795174273 |
| | Marcel | Wattel | A12 | 27720439489 |
| 20 Mei | Dieter | Bye | C05 | 27798063325 |

## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

- Mariaan Prinsloo sterk tuis aan na 'n rug operasie (B04—083 631 5798)
- Tom Kruger was in Unitas vir behandeling (B08—083 488 2863)
- Lucia v Wyk was in Kloof vir toetse (C02—083 449 5679)
- Ellouis JvRensburg het 'n knie operasie ondergaan en sterk tuis aan (B09—079 884 4403)
- Attie Pretorius was in Kloof , sterk tuis aan (A06—082 966 3221)
- Annetjie Celliers het 'n rug operasie in Unitas ondergaan(A14—660 0952)
- Oerka v Tonder het 'n operasie ondergaan na val sterk tuis aan by haar seun (C04-082 828 6119)
- Willem Prinsloo in Midstream met longontsteking (C15—082 900 8495)
- Casper Swanepoel in Meulmed nadat skroewe in sy been gebreek het (A18—071 331 7862)
- **Sterkte aan alle lidmate wat siek is in hierdie tyd**

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifikaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

Kan ek toesien tot die registrasie van u huisoordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig**? Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena Kruger 072 974 2728.

**Betroubare huishulp** Ma, Di, Do, werk al 10 jaar by my. Martie Vilas 071 683 0348/Maria Mthimunye 079 808 6614.

**Algehele herstelwerk** op huise en geboue, verf, plaveisel, waterdigting op huise, staalwerke, teëlwerk, skakel bestaande geyser om na sonpanele, LPGAS installasie met COC sertifikaat. Kontak Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Meenthuis te Koop**-3 sk, 2 bk, dubbelmotorhuis. Mooi tuin. Naby Kerk. Elisie Kruger 082 826 2752.

## MOOTLITE 2023
## Wie is "Ek is"?

*25 Junie- 30 Junie*

Graad 5-9

Om leerders toe te rus om hulle Gereformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.

INSKRYWINGS R900 PP

HTTPS://FORMS.GLE/QFZA9KOS13VJ5YBKA

Navrae: mootlite@gmail.com
Lohan Linde (084 787 5119)
Hardus Lee (082 992 9822)

# Bybelstudie

## *Juventus (18-24)*

Dinsdagaande 19:00

- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdag om 19:00

17 Mei 31 Mei

14 Junie

## Hemelvaartdienste

**Donderdag 18 Mei**

06:00 Oggend oordenking ds Maarten

19:00 Ds Christo Swanepoel

## Beroepe aanvaar

- Ds PR Gouws van GK Dendron/ Magalakwin na GK Bersig
- Ds E Kayayan van GK Rietvallei na Oak Glen United Reformed Chrurch in Illinois, VSA

## Jan die Koperkan

Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u koper/ silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



## Buffet Ontbyt

Warm en koud, koffie en tee

**27 May 2023** vanaf 08:30

R130.00 – pp,
Kinders 6 – 12 (R50.00) en 0 – 5 gratis

Dit gaan 'n lekker KOINONIA Kuier wees met genoeg om te eet.

Kaartjies beskikbaar by die kantoor asook besprekings op e-pos by bieuwkjep@gmail.com. Die inbetaling kan gemaak word in die kerk se bankrek met verwysing **"Buffet ontbyt"**

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Eljada Huis

**<u>Deurlopende behoeftes</u>:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêredoekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



| | |
|---|---|
| **14 Mei** | |
| Anika Lindeque | Blok A |
| Kobie vd Merwe | Blok A |
| Larochelle vd Bergh | Blok B |
| **21 Mei** | |
| Magda vd Schyff | Blok A |
| Thereza Myburgh | Blok B |
| Madelaine van Zyl | Blok C |

## Geestelike Opbou

**21 Mei 2023** na die aanddiens

Dr. Nel Brace van Potchefstroom

kom gesels oor:

### Huisgesin wat die Here dien

Nel is 'n ma van 5 kinders in Potchefstroom en opgelei in die teologie as apologeet.

## Senior Aksie

Die Senior aksie kom DV weer op 15 Mei om 10:00 in die kerksaal bymekaar. Estelle v d Waals gaan ons op 'n Musikale reis deur verskillende lande neem en in ons geheue delf! Dit beloof om 'n genotvolle en gesellige oggend te wees! Kom gerus!